

'n Korter gebed na die preek

Here, almagtige God, laat u heilige Naam nie as gevolg van ons sondes gelaster word nie¹. Ons het immers op baie maniere teen U gesondig deurdat ons u heilige Woord nie gehoorsaam soos dit ons betaam nie. Ons het ook deur onwetendheid, ondankbaarheid en deur te kla u toorn elke dag teen ons verwek. Daarom tug U ons met reg. O Here, dink egter aan u groot barmhartigheid en ontferm U oor ons. Laat ons ons sondes reg ken en daarvoor hartseer wees en verbeter U ons lewens. Versterk die dienaars van u kerke, sodat hulle getrou en standvastig u heilige Woord verkondig. Versterk ons owerheid, sodat hulle met geregtigheid en billikheid gesag voer². Bewaar ons ook teen alle valsheid en ontrou, verydel al die bose en listige planne wat teen u Woord en kerke bedink word³. O Here, neem u Gees en Woord nie van ons weg nie⁴, maar vermeerder ons geloof, en gee aan ons geduld en standvastigheid in alle swaarkry en teëspoed⁵. Kom u kerke te hulp, verlos dit van al te sware laste, bespottings en tirannie. Versterk ook al die swak en bedroefde harte. En gee ons u vrede deur Jesus Christus, ons Here, wat ons hierdie vaste belofte gegee het deur te sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader vra in my Naam, sal Hy julle gee; en wat ons beveel het om so te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.

¹ [HK/HC, So 36]

² [Rom. 13:4]

³ [Ps. 2:2]

⁴ [Ps. 51:13]

⁵ [HK/HC, So./Sun. 10, vr/q 28]